Preek gehou by die kerklike ampsaanvaarding as Hoogleraar in die Teologie — Dogmatiek en Christelike Etiek — aan die Universiteit van Pretoria, op Sondag, 24 Februarie 1952, in die Ned. Herv. Kerk van Pretoria.

*Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra baie vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.*

JOHANNES 15 vers 5.

Gemeente van onse Here Jesus Christus,

Die oorspronklike woord vir „gemeente" beteken „hulle wat geroep is", of nog noukeuriger, „hulle wat uitgeroep is", d.w.s. uitgeroep is uit hulle alledaagse, natuurlike, sondige en donker lewe en ingebring is in die ligkring van die blye, vreugdevolle Boodskap van die Evangelie, en daarmee ook ingebring is in die diens wat hulle doen uit dankbaarheid teenoor God wat in Jesus Christus sóveel vir hulle gedoen het. Hierdie gemeente wat só uitgeroep is, is deur die geloof en in die doop ingeplant in Jesus Christus, ingeënt soos 'n mens 'n tak in 'n boom inent. Hulle is soos die lote wat hulle lewenskrag kry uit die Wingerdstok en uit Hom groei en in Hom hulle vrugte voortbring.

En nou tree hierdie gemeente wat só uitgeroep is uit hulle natuurlike, sondige bestaan, wat só ingebring is in die kring van die dade van diens uit dankbaarheid, en wat só in Jesus Christus ingeplant is, op verskillende maniere in die wêreld van sigbaarheid en hoorbaarheid na buite toe uit.

Gedurende die week is hulle verspreid onder die baie ander mense. Maar dan staan hulle *kerkgebou* nog daar met sy toring, as teken daarvan dat hier 'n gemeente van Christus bestaan. Die kerkgebou is netsoos alle ander bouwerk afkamping, inperking, afsondering van 'n sekere stuk ruimte vir 'n bepaalde diens en doel. Die kerkgebou se uitsondering bestaan daarin, dat dit afgesonder is vir die diens van die Here, d.w.s. dat dit heilige ruimte is. In hierdie ruimte word die beloftes en troos van Sy Woord saamgebundel soos lig, om hiervandaan af verder in die wyer ruimte van die lewe ingedra te word en te skyn . . . Gedurende die week, dan is hierdie gemeente verspreid onder die baie ander mense, maar op Sondag dan kom hulle hier in hulle kerkgebou saam om deel te neem aan die *erediens*, om „Hom te dien en eer en vrees, en skape van Sy weiveld te wees."

En in hierdie erediens gebeur daar verskillende dinge: Hier in hierdie erediens sing en spreek die gemeente die *belydenis van haar geloof uit*. Maar nou is dit nie só dat sy hierdie belydenis en beslissing van haar hart in willekeurige, ondeurdagte woorde hoorbaar laat word nie. Agter hierdie skynbaar skraal woorde van die belydenis lê soms

eeue van wetenskaplike worsteling met gedagtes, woorde en dwaalleringe . . . om sodoende en so-denkende hierdie belydenis suiwer te sê en af te grens teen dít wat dit nie is, en nie behoort te wees nie. Hierdie denkdiens wat agter hierdie worsteling om die suiwerheid van leer, van belydenis lê, noem ons Dogmatiek.

Maar nou is dit in die tweede plek nie só dat hierdie geloofsbelydenis eens-en-vir-altyd as 'n selfstandig-bestaande waarheid uitgespreek word nie. Hierdie belydenis is alleen dán waarlik belydenis wanneer dit *lewende* belydenis is, d.w.s. wanneer die Kerk weer-en-weer opnuut luister na die Woord van God en weer-en-weer opnuut hierdie waarheid tot haar eie lewenswaarheid maak en uitspreek. Maar nou kan hierdie opnuut-luister en opnuut-bely nooit sinvol en deurdag gebeur, sonder die denkdiens van die Dogmatiek daaragter nie; nooit sonder die arbeid van die *hele* wetenskap van die Teologie nie.

In hierdie erediens word ook die *Woord verkondig*. Hierdie verkondiging moet „volgens die reël van die geloof" gebeur, moet weer-en-weer getoets word aan die Woord waaruit hierdie verkondiging voortkom. Hierdie kritiese toets van die verkondiging, dat dit reg sal wees en suiwer, is die mees-gekonsentreerde sorg en bekommernis van die Kerk oor haar eie en diepste verantwoordelikheid . . . ook die sorg en verantwoordelikheid van die kerklike denkdiens, van die Dogmatiek.

Verder word daar ook in die erediens *gebid en gesing;* ook *gehandel* by die *bediening en gebruik van die sakramente*. Só en nog op verskillende ander wyses tree die gemeente dan in die wêreld van sigbaarheid en hoorbaarheid na buite toe uit. Maar dit gebeur altyd só, dat daaragter en daarin 'n kleinere of grotere stuk teologiese denkarbeid (en daarom ook 'n stuk Dogmatiek) sit, met die bedoeling dat hierdie geweldige gebeurtenisse nie sin-loos sal gebeur of gedagteloos gedoen sal word nie.

En ná die erediens gaan die gemeente weer uiteen; maar hulle gaan só uitmekaar dat hulle dít wat hulle hier gehoor, wat hulle hier gesien en gedoen het in die ruimte van die Kerk, in praktyk gaan omsit in die wyer ruimte van hulle lewe en van hulle verskillende lewenskringe. Die wetenskap wat die grond, die norme en die vorme van hierdie lewe oopdek, word die *Christelike Etiek* genoem. Maar dit dek nie alleen oop nie, en is nie beskrywing sonder meer nie; dit probeer ook leiding aan hierdie lewe te gee.

Ons moet egter, by dit alles wat gesê is oor die gebeurtenisse wat in die Kerk plaasvind en die denkdiens wat daaragter sit, één gedagte, of liewer: één groot feit gedurigdeur vashou, nl. dat die denkdiens geensins die grond van hierdie gebeurtenisse is nie. Dit is God wat hierdie dinge laat plaasvind en die denkdiens daaragter is alleen die duidelikmaking van dit wat *Hy* laat gebeur. Nog meer: Hierdie diens

van die duidelikmaking geskied nie deur eie krag nie; ook dít is alleen moontlik deur *Sy* lig en leiding wat dit moontlik én werklik maak.

Met hierdie laaste gedagte sê ons alreeds dit wat ons teksvers duidelik en beeldryk aan ons voor-sê: *„Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in my bly en Ek in hom, hy dra baie vrug; want sonder My kan julle niks doen nie,"* d.w.s. wanneer die Christelike lewe en diens, ook die Christen se wetenskaplike, kerklike denkdiens, nie in Christus gegrond is en uit Hom groei nie, sal dit waardeloos wees, hoe voortreflik dit ookal in ander opsigte mag wees.

En nou is dit vir ons as gemeente wat in hierdie diens betrokke is, wat as Christene aan hierdie kerklike diens meedoen en moet meedoen; nou is dit ook vir my wat van vanaand af 'n sekere gedeelte van hierdie kerklike denkdiens op my mag neem, paslik én noodsaaklik om noukeurig te luister na dít wat die Woord van die Here in ons teksvers aan ons oor hierdie diens sê: *„Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, hy dra baie vrug; want sonder My kan julle niks doen nie."*

Wie uit ons teksvers verneem het dat hy „sonder Christus niks kan doen nie," sal weet dat hy in sy kerklike lewe en besluite, geen besluit uit homself uit kan neem en geen woord uit eie insig kan spreek nie, tensy hy eers na die weg en woord van die Here biddend gevra het; hy sal ook weet dat hy wetenskaplik geen woorde uit eie insig en wetenskaplikheid kan spreek nie, maar dat hy altyd *eers* na die Woord van die Here moet luister. Hierdie besef sal ons daartoe bring om gedurigdeur en met toegewydheid *die Heilige Skrif te ondersoek en daarna te luister;* dit sal ons eerbied leer vir die Woord van die Here en óók vir die woord van die kerklike belydenis; dit sal ons leer om „saak-lik" te wees en nie eie en eiemagtige bespiegelinge voor te dra nie.

Wie uit ons teksvers verneem het dat hy „sonder Christus niks kan doen nie," sal weet dat hy in sy lewe en spreke *nederig* moet wees. Hy wat weet dat hy sonder die hulp van die Here nie 'n tree op sy lewenspad kan loop en geen sinvolle woord kan sê nie, sal nie selfstandig probeer loop en spreek nie, maar sal in sy gang én in sy gedagtegang hom in nederigheid en afhanklikheid deur Hom laat lei. Hy wat weet dat die gemeente soos die lote en Christus soos die wynstok is, sal in sy lewe en spreke die *gesamentlike verbondenheid in Christus erken* en tot uitdrukking bring, sal ook die eer van die groei en die grootword-in-Christus alleen aan Christus gee.

Wie weet dat hy „sonder Christus niks kan doen nie," sal *dankbaar* wees dat hy deur die inplanting *in,* en groei *uit* Hom wel waardig geag is om wel iets tot Sy eer te mag doen.

Dit is met hierdie afhanklikheid en verbondenheid, met hierdie nederigheid én dankbaarheid dat ons hierdie verantwoordelike, moeilike en tog mooi taak aanvaar. Ons is bly dat ons dit kan aanvaar in die ruimte van hierdie kerkgebou, want hierdie denkdiens bestaan nooit

waarlik en sinvol buite die ruimte van die Kerk om nie. Ons is bly dat ons sodoende in hierdie verantwoordelikheid ook ons verbondenheid aan die Kerk mag voel en mag uitspreek.

Ons bede is:

Dat ons, o Heer, ons amp en plig
getrou en tot U eer verrig;
en laat U guns ons werk bekroon,
U Gees ons lei en in ons woon!

Sien op ons in genade neer,
sodat ons werk mag vorder, Heer,
en skeld ons alle misdaad kwyt.
o God van goedertierenheid!

(GES. 83:3 en 4).

Amen.

B. J. ENGELBRECHT.